

Gesprek oor SA ekonomie en implikasies vir die kerk - Prof Jannie Rossouw

Prof Rossouw vervolg...

Oorsig oor SA

Ons is die 26ste grootste land in die wêreld, 32ste grootste ekonomie ter wêreld (volgens koopkragpariteit), maar ons gly - ons was die 28ste grootste ekonomie.

Werkloosheid van 29% is een van ons grootste uitdagings.

Die wisselvallige wisselkoers verhoog koste en onsekerheid, ons het 'n lae groei koers en daar is 'n onstabiele politieke omgewing. Die DA slaag duidelik nie as opposisieparty nie. Die belangrike opposisie lê in die ANC self. Die ANC bestaan uit die Ramaphosa- en die Magashulevleuels, met die groep opportuniste in die middel wat enige kant toe sal gaan soos die mag swaai.

Terwyl die ekonomiese koek nie groei nie, word die aantal persone wat moet eet meer. Die belastingbasis groei ook nie. Almal word dus op per kapita basis armer.

Sowat 60% van babas wat in Suid-Afrika gebore word, word sonder 'n pa geregistreer - dit maak dit makliker om 'n kindertoelaag te kry. Daar is reeds tweedegenerasie ontvangers van kindertoelaes, moeders onder 18 en kinders wat toelaes ontvang.

Hier het die kerk 'n rol:

Hooffunksies van 'n regering: Aangesien die regering wet en orde moet handhaaf en ruimte vir volhoubare ekonomiese groei moet skep, met 'n legitieme welsynsfunksie, loop Suid-Afrika die gevaar van 'n belastingopstand. Die tradisionele ondersteuners van die ANC eis meer voordele ten koste van die belastingbetalers. Wat is die kerk se posisie in geval van 'n belastingopstand? Betaal aan die keiser wat die keiser toekom? Wanneer vra die keiser wat hom nie toekom nie?

Rommelstatus: Suid-Afrika is grootliks tot rommelstatus afgegradeer, wat lei tot hoër koste om geld te leen. Daar is grade van rommel. Die vraag is wat die impak op kerklike beleggings sal hê. Baie gemeentes het iewers 'n neseier.

Prof Rossouw het ook gewys op die belang om die fiskale afgrond te vermy. Dit is die situasie waar staatsdienssalarisse, maatskaplike toelae en renteskuld die staat se inkomste absorbeer.

Kerk en staat kompeteer:

Hy wys ook uit dat die staat en die kerk by dieselfde groep mense (belastingbetalers) kompeteer vir inkomste.

Afrika is nie vir sissies nie: Te midde van die slegte nuus moet ons onthou Afrika is nie vir sissies nie. Die belangrikste oorweging vir die kerk is finansiële volhoubaarheid. Die eerste strategie moet finansiële volhoubaarheid ten opsigte van bestaande bronne te wees.



Ds Mossie Mostert van Sinode Noord-Kaapland, wat ook die vergadering bygewoon het, deel die volgende **voorgestelde punte** waarmee prof Rossouw afgesluit het, **om 'n moontlike bespreking te stimuleer:**

- Suid-Afrika sit op 'n demografiese ramp: Wat is die NG Kerk se rol in hierdie omstandighede?
- Hoe hanteer die NG Kerk 'n belastingopstand?
- Impak van rommelstatus op die NG Kerk se beleggings?
- Die regering en die NG Kerk is in mededinging vir dieselfde groep mense (belastingbetalers) vir inkomste.
- Gebruik gemeentes in die NG Kerk nominale of reële rentekoerse om inkomste te bereken?
- Wat is verantwoordelike optrede ten opsigte van die bates van die sinode?